

Saterdag 25 Maart

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:2-4; Handeling 8:4-25

Die vierde Geestesgawe: Evangeliste

Die evangeliste het in dieselfde tyd as die apostels opgetree. Hulle was letterlik helpers van die apostels in die prediking van die evangelie en die stigting van gemeentes.

Timoteus doen hier die werk van 'n evangelis. Sy taak is om die Woord te verkondig, die dwalinge wat bestaan het, te weerlê en in alle lankmoedigheid te vermaan.

Die roeping van 'n evangelis is om die evangelie in die openbaar te preek in die midde van 'n gemeente wat besig is om te word, en ook daarbuite.

Filippus is ook 'n evangelis genoem (Hand. 21:8). Hy was een van die sewe diakens wat in Jerusalem verkies is ter wille van die diens van die barmhartigheid (Hand. 6:3). Soos ander lidmate van die gemeente in Jerusalem het hy die wêreld deurkruis om die Woord te verkondig (Hand. 8:4; 11:20) en om te doop (Hand. 8:38). Dit is interessant dat die helpers van die apostel Paulus – Silas, Titus, Epafroditus, Aristarchus, Tichikus, Apollos, Epafra – wel die werk van 'n evangelis gedoen het deur die evangelie te verkondig, maar nooit so genoem is nie.

Die evangeliste was dus boodskappers van die evangelie wat óf geheel vrywillig omdat die liefde vir Christus hulle gedryf het óf volgens die opdrag van 'n apostel die Woord verkondig het om die kerk te plant of te bou. Hulle het iets van die taak van 'n sendeling verrig.

Filippus verkondig die evangelie en wanneer mense geglo het, het hy hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. Die apostels Petrus en Johannes is deur die ander apostels na Filippus se arbeidsveld in Samaria gestuur. Die apostels het vir die gelowiges gebid sodat hulle die Heilige Gees mag ontvang. Nadat die apostels hulle die hande opgelê het, het hulle die Heilige Gees ontvang.

Só word die liefdeswyer van die evangeliste ingespan om die Here se kerk te help grondves.

Sing: Psalm 68:1 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)